



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 vrae. Beantwoord slegs NEGE vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Bestaan uit SES vrae.
   Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 5 en VRAAG 6 in hierdie afdeling het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
   Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 10 en VRAAG 11 het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.

   **LET WEL:** Indien jy gevra word om *te verduidelik/breedvoerig te skryf/ te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk*, skryf jou antwoord in volsinne en gee soveel inligting as moontlik. Eenwoord-antwoorde sal NIE aanvaar word NIE.

5. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Goeie Afrikaans te gebruik (skryf slegs in een taal)
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beplan jou tyd:
   - Spandeer ongeveer 60 minute aan AFDELING A: 40 punte
   - Spandeer ongeveer 120 minute aan AFDELING B: 60 punte

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: OPWARMING EN AFKOEL

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 'n Afkoelproses laat die hartklop geleidelik toeneem. (1)

1.1.2 'n Afkoelproses voorkom dat bloed in jou bene opdam. (1)

1.1.3 'n Afkoelproses moet nooit strekwerk insluit nie. (1)

1.2 Stel DRIE ontspanningsmetodes/-tegnieke voor wat by 'n danser se afkoelproses na 'n dansklas ingesluit kan word. Motiveer waarom dit doeltreffend sou wees. (Skryf 'n paragraaf.) (3)

1.3 Verskeie faktore moet in ag geneem word gedurende die opwarming. Ontleed VIER van die faktore wat 'n danser se opwarming kan beïnvloed. (Skryf 'n paragraaf.) (4)
**[10]**

### VRAAG 2: FIKSHEIDSKOMPONENTE

2.1 Voltooi die volgende sinne oor fiksheidskomponente deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Uithouvermoë is die vermoë om … (1)

2.1.2 Kernstabiliteit verwys na … (1)

2.1.3 Die vermoë om bewegings te beheer en gewig gelyk oor 'n sentrale punt te versprei, word … genoem. (1)

2.1.4 Die wye bewegingsomvang ('ROM') om 'n gewrig staan as … bekend. (1)

2.2 Dit is voordelig vir 'n danser om krag in die dansklas/-uitvoering te hê. Bespreek hierdie stelling. (Skryf 'n paragraaf.) (4)
**[8]**

**VRAAG 3: POSTUUR**

Verduidelik wat jy onder *goeie postuur* verstaan en waarom dit in die dansklas noodsaaklik is. (Skryf 'n paragraaf.) **[4]**

**VRAAG 4: NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE (MOTORIESE KOÖRDINASIE)**

Neuromuskulêre vaardighede verwys na die brein se vermoë om boodskappe na die liggaam te stuur met 'n onmiddellike reaksietyd.

Vertolk die aanhaling hierbo met verwysing na neuromuskulêre vaardighede. Hoe word hierdie motoriese fiksheidskomponente in dansopleiding ontwikkel? (Skryf 'n paragraaf.) **[6]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5 en VRAAG 6.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 5: BESERINGS (Keusevraag)**

Een van jou mededansers het sy enkel ernstig verstuit. Die finale praktiese eksamen vind oor net een maand plaas en hy kan nie ten volle aan die dansklasse deelneem nie.

Teken die tabelle hieronder oor en vul dit as 'n riglyn in om hom met sy herstel en voorbereiding te help.

| **IDENTIFISEER DRIE SIMPTOME** |
|---|
| 1.<br>2.<br>3. |

(3)

| **GEE TWEE MOONTLIKE OORSAKE VAN DIE VERSTUITING** |
|---|
| 1.<br>2. |

(2)

| **VERDUIDELIK DIE ONMIDDELLIKE BEHANDELING VAN HIERDIE BESERING** |
|---|
| 1.<br>2.<br>3.<br>4. |


(4)

| **LEI DRIE BELANGRIKE KOMPLIKASIES AF WAARVOOR HY MOONTLIK GEDURENDE SY FINALE PRAKTIESE DANSVOORBEREIDING TE STAAN KAN KOM** |
|---|
| 1.<br>2.<br>3. |

(3)
**[12]**

**OF**

**VRAAG 6: SPIERE, GEWRIGTE EN AKSIES (Keusevraag)**




[Bron: loisgreenfield.com]

6.1 Watter van die volgende spiere is NIE deel van die quadriceps-spiergroep NIE?
- Vastus Intermedius
- Vastus Medialis
- Semimembranosus
- Rectus Femoris (1)

6.2 Benoem die spier in die foto hierbo (6.2) en verduidelik enige EEN anatomiese aksie. (2)

6.3 Watter van die spiere hieronder is die grootste spier in die menslike liggaam en wat is die anatomiese aksie daarvan?
- Gluteus Medius
- Piriformis
- Gluteus Maximus
- Gluteus Minimus (2)

6.4 Watter anatomiese aksie vind in die danser se knieë plaas? (Verwys na die foto hierbo.) (1)

6.5 Noem EEN spier verantwoordelik vir die aksie wat in die danser se enkels plaasvind. (Verwys na die foto hierbo.) (1)

6.6 Wat is die doel van die agterdyspiere ('hamstring muscles')? (2)

6.7 Te oordeel na die danser se liggaamshouding in die foto, lewer kommentaar op watter DRIE spiere vir die danser se liggaamshouding verantwoordelik sou wees. (3)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 7: CHOREOGRAFIE EN OPVOERING/OPTREDE

7.1 Verduidelik die volgende musiekelemente en hoe dit jou musikaliteit en dansopvoering beïnvloed:

7.1.1 Tempo (2)

7.1.2 Toonkleur (2)

7.1.3 Dinamiek (2)

7.2 Ontwerp 'n vindingryke improvisasie-aktiwiteit wat jy kan gebruik om kreatiwiteit te stimuleer om 'n kort dans te komponeer/skep. Kies EEN van die prikkels hieronder.

| | | |
|---|---|---|
| rekwisiete; | poësie; | beelde |

Verduidelik jou aktiwiteit stap vir stap, van improvisasie tot komposisie/skepping. Sluit by jou aktiwiteit in hoe jy motiewe of gebare en choreografiese elemente kan inkorporeer. (6)
**[12]**

### VRAAG 8: SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE

Skryf 'n artikel vir 'n danstydskrif oor EEN van die voorgeskrewe Suid-Afrikaanse choreograwe wat in die tabel hieronder genoem word.

Sluit die volgende inligting, in enige volgorde, by jou artikel in:

- Die naam van die choreograaf oor wie jy skryf
- Professionele loopbaan
- Mense/Sosiopolitieke konteks wat sy/haar werk beïnvloed het
- Sy/Haar choreografiese benadering en/of eie unieke dansstyl met voorbeelde uit 'n werk wat jy gesien het
- Die choreograaf se belangrike prestasies en bydraes tot die danskuns in Suid-Afrika
- Punte toegeken omdat die artikel in die korrekte formaat geskryf is

| **VOORGESKREWE SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | |
|---|---|
| Veronica Paeper | Mavis Becker |
| Vincent Mantsoe | Hazel Acosta |
| Alfred Hinkel | Carolyn Holden |
| Sylvia Glasser | Dada Masilo |
| Gary Gordon | Gregory Maqoma |

**[15]**

## VRAAG 9: GESKIEDENIS VAN HOOFDANSVORM EN INHEEMSE DANS

9.1 Jou dansonderwyser het jou opdrag gegee om jou hoofdansvorm na te vors.

9.1.1 Noem jou hoofdansvorm.

9.1.2 Beskryf SES kenmerke en/of beginsels wat jou dansvorm uniek maak. Jy mag kolpunte ('bullets') in jou antwoord gebruik. (6)

9.1.3 Noem VYF belangrike feite oor die agtergrond van jou hoofdansvorm. Verduidelik elke feit in volsinne. (5)

9.2 Met betrekking tot deelnemers en gemeenskappe, wat het in die 21ste eeu 'n invloed op inheemse dans gehad? Hoe word dit in vandag se samelewing gebruik, waargeneem en waardeer? (Skryf 'n paragraaf.) (4)

**[15]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 10 en VRAAG 11.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

## VRAAG 10: INTERNASIONALE DANSWERK – *GHOST DANCES* (Keusevraag)

Christopher Bruce besin oor sosiale en politieke standpunte in hierdie danswerk. Hy beeld sy boodskap deur die mense in hierdie verhaal uit.

Met verwysing na die stelling hierbo, skryf 'n opstel wat toon hoe Bruce hierdie boodskap uitbeeld deur:

- Die sinopsis/bedoeling
- Die stelle en kostuums
- Die bewegingswoordeskat van die mense in hierdie verhaal
- Die simboliek wat in dié werk gebruik word
- Die impak van die hele opvoering



[Bron: www.bing.com]

**[18]**

**OF**

**VRAAG 11: INTERNASIONALE DANSWERK (Keusevraag)**

Jy het 'n veldwerktoer onderneem om na 'n produksie van een van die voorgeskrewe internasionale danswerke hieronder te kyk.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| George Balanchine | *Apollo* of *Jewels (Emeralds, Rubies, Diamonds)* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentation* of *Errand into the Maze* |
| Mathew Bourne | *Swan Lake* of *Cinderella* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |
| Jiri Kylian | *Wings of Wax* |
| Mats Ek | *Giselle* of *Swan Lake* of *Carmen* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |

Skryf 'n opstel en sluit die volgende aspekte van hierdie danswerk in:
- Naam van die choreograaf en danswerk waaroor jy skryf.
- Verduidelik die sinopsis/bedoeling.
- Beskryf die produksie-elemente.
- Bespreek die bewegingswoordeskat.
- Ontleed die simboliek.
- Bespreek TWEE aspekte van hierdie werk wat jy innoverend gevind het. **[18]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou